

## Werk bly 'n voorreg, nie 'n reg

DIE LEWE OM ONS Deur Manie van der Schijff

<http://152.111.1.88/argief/berigte/beeld/1989/11/10/8/5.html>

SOOS so baie van my tydgenote het ek in 'n huis grootgeword waar ek geleer is dat werk 'n voorreg en nie 'n reg is nie. Voorts het ek geleer dat die voorreg om te mag werk my verplig om my werk op so 'n wyse te doen dat elkeen met wie ek in aanraking kom, kan sien, maar ook aanvoel dat my werk nie vir my 'n las is nie. Allermens moet die mens aan wie ek diens lewer, die aanvoeling kry dat hy vir my 'n las is wat my tyd mors of wat my rus verstoort wanneer ek besig is om rustig tee te drink of my private sake in orde te bring. Om blatant van 'n werkgewer 'n hoër salaris of bevordering te vra, is iets waarvoor ons nooit sou droom nie. Om die werktelefoon vir private sake te gebruik, was ook iets wat net nooit gedoen is nie. En van teedrink gepraat, is dit tog so dat 'n mens deur die jare heen al geleer het dat daar 'n sekere tyd is dat dit nie help om 'n sekere nommer te skakel nie omdat dit die betrokke afdeling se teetyd is. Net so seker moet jy weet dat om so skuins voor uitspantyd te bel net nie deug nie. Jy as geduldige Jan Publiek moet tog weet dat die foon van so skuins voor oppaktyd net nie beantwoord kan word nie, want sê nou net die gesprek hou te lank aan en ek verpas my bus of my saamryklub. Moet tog ook nie te vroeg bel of in my kantoor ingestap kom vir diens nie, want dan is dit die tyd dat ek my op die hoogte moet bring met die nuus van die dag.

Die oggendkoerant moet deurgekyk word, want op 'n Maandagoggend is dit tog van groot belang om te weet wat die kommentaar op die sportblad is oor die wedstryd tussen die WP en die Blou Bulle. En onthou tog dat talle staatsdepartemente steeds hul deure stiptelik om halfeen, of watter tyd ook al, sluit om so 'n blaaskansie te vat ná die "uitputtende" voormiddag wat teetyd ingesluit het - maak nie saak of die tou voor my toonbank al geruime tyd staan en wag op diens nie. My teetyd en my middagbreek is my reg en basta met die voortreflike diens wat ek andersins lewer. Maak ook nie saak dat die ou wat in sy werktyd in die tou staan, baie mooi moes vra om net 'n dringende sakie af te handel nie. Sy baas in die private sektor kan hom maar later weer laat kom, veral omdat 'n tee- of middagpouse in die private sektor nie doodsake is nie.

U wat hierdie stukkie lees of daarvoor kwaad word, moet tog seker hier en daar met my saamstem dat ek wel iets beethet as 'n mens so 'n bietjie om jou rondkyk en met baie van ons staatsamptenare, wat nou weer om 'n yslike salarisverhoging vra, te doen kry. Let gerus maar self op en bring dan somer die voordele en byvoordele waarin ons staatsamptenare en onderwysers deel, in berekening. Voordele wat, soos ek nou die dag weer ondervind het, feitlik onmoontlik deur die private sektor geëwenaar kan word as so 'n mens die staatsdiens wil vaarwel roep vir 'n betrekking in die private sektor. Ja, daar is selfs amptenare wat in kosbare werktyd die tyd gegun word om lang memorandumms oor diensvoorwaardes en salarisse voor te berei. Dinge waarvoor 'n mens nie die tyd kan vind as jy heeltyds in 'n navorsings- of veeleisende administratiewe betrekking staan nie. Wanneer 'n mens werklik in jou werk belang stel, en gemotiveerd in jou primeYe taak is, is daar net nie die tyd daarvoor nie. Ek skrik soms as ek dink wat vir ons in die nuwe Suid-Afrika voorlê. Waar ons land al die geld gaan kry om die dinge te doen wat gedoen moet word, weet ek nie. Wanneer ek daaraan dink dat talle voordele waarin ons vandag deel, verbreed sal moet word, word ek soms mismoedig. Sal ons werklik alles kan

vermag as daar gedurig gedruk word vir hoër salarisse sonder om produktiwiteit te verhoog? Elke arbeider is sy loon waardig, maar dan moet elkeen die beste lewer waartoe hy in staat is en nie net met die gemiddelde ondergemiddelde tevrede wees nie.

Onthou, dit is nie die werknemer wat net doen wat in die werktyd gedoen moet word wat vooruit boer nie, maar wel die een wat gewillig is om met lus die bietjie ekstra te doen wat eintlik nie "verwag" word nie. Moet my nie sommer veroordeel nie. Let maar self so 'n bietjie op en sê vir my of u bloed nie ook soms kook nie. Nie oor wat ek kwytraak nie, maar oor wat u soms van mense wat agter die toonbank staan, moet verduur. Optredes waarmee geen mens in die private sektor mee sal wegkom nie, want daar is tyd, flinkheid en vriendelikheid geld.

Allermens wil ek beweer dat alle mense in die staatsdiens onbekwaam is of ondoeltreffende werk lewer. Daar is duisende wat uitstekende werk lewer en waarop ons baie trots moet wees. Wat ek wel wil beklemtoon, is dat ons almal, veral nou, so 'n bietjie moet wegkom van die ewige aandrang om hoër salarisse. Na my mening kan ons land dit nie nou bekostig nie. Daar is veel belangriker en dringender sake wat nou deur ons Regering aangespreek moet word.